# BERGenBAAI

BERGenBAAI

NED GEREF GEMEENTE CONSTANTIA

SEPTEMBER 2011


LEES OOK


Bladsy 3

Wees Verdraagsaam

Bladsy 7

Muntlegging

Bladsy 8

JAO-FEES 2011

Bladsy 12 ev

Verlief, verloof en verlore...


Verdraagsaamheid is **liefde-in-aksie**. Daarom sê 1 Kor 13 : *"Die liefde verdra alles…"* en Paulus: *"Die hele wet word in hierdie gebod saamgevat, "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie."* ( Gal 5 :14,15).

## "Kallie gee sy eerste tree op twee bene in amper 'n jaar. Prys die here!"

Frieda, sy vrou, is aan die woord: "Kallie het so 'n maand gelede begin met fisioterapie om sekere spiergroepe weer op te bou wat tydens sy lang hospitaalverblyf weggesmelt het. Dominique het ook gefokus op die gedeeltes wat die loopraam moes hanteer en dan spesifiek op die bobeenspiere. Hy het tuis - en baie getrou- met die hulp van Lizzie en Martin geoefen.



Vanoggend, 6 September,om negeuur was ons by die spreekkamers by Constantiaberg Hospitaal. Kallie was soos 'n klein seuntjie wat 'n splinternuwe fiets as geskenk sou kry - uiters opgewonde, maar ook maar skrikkerig omdat nie een van ons twee regtig geweet het wat om te verwag nie. Die prostese-bene is daar in die kamers gebou, sommer so aan sy bene. Ongeveer een uur en veertig minute later was sy bene aangeheg - met sy ou skoene aan die voete. Interessant is dat die pype van die bene baie kort gehou is (dwergiestyl), want as hy dan sou val, sou dit nie so ver wees nie. Hierdie pype sal nou op 'n weeklikse grondslag met ongeveer een duim verleng word sodat hy geleidelik kan leer om sy balans te hou.

Toe is die "groot trek" deur na die oefeningsaal vir die loopslag. Na 'n paar verduidelikings was hy reg vir die groot oomblik. Met die eerste probeerslag het hy regop gekom en so gebly om 'n paar balansoefeninge te doen. So het hy ook sonder steun vir 'n tydjie bly staan. Hy was duidelik nie lus om op te hou nie en toe het Malcolm en Michael (die beenbouers) hom aangemoedig om te probeer loop. Dit was nie nodig om hom twee keer te nooi nie! Met die eerste probeerslag het hy die hele lengte van die parallele pale en terug geloop. Hy het ook met die loopraam geloop en 'n paar wenke gekry wat dinge makliker sal maak. Nou is dit net oefen en hef aan vorentoe.

Die Here was goed vir ons."

# Liewe leser …

Die Kaapse winter het baie nukke. Eers huiwer hy om sy gesig te wys en dan hang hy rond wanneer hy eintlik al moes gewyk het vir warmer weer, soos `n kind wat raas gekry het en skaam is, maar tog ook nie wil weggaan nie, want netnou mis hy iets. Ons hou maar ons Kaapse truie en warmgoed byderhand, want die Kaapse winter het `n tyd van sy eie. Voor ons weer ons oë uitvee, kla ons steen en been oor die warmte en wonder wanneer kry `n mens dan weer `n bietjie reën. Wil immer `n tree weg wees van waar jy is. Tog lyk dit of die lente hier is. My ranonkels, anemone en kammetjies blom vrolik. Die konfettibos blom pers en wit en die Prunus maak eers pienk blomme en dan kom die sagte pers blare na vore. Sag en jonk en lus vir die nuwe seisoen.

Ek kan onthou hoe ons soms as kinders kon sug en die volgende sin begin het met: "Ek wens dis al ..." en dan noem ons al die toekoms heerlikhede op. "`n Mens wens nie jou lewe so om nie," sal Ma vinnig laat hoor. Maar steeds hou ons ook maar nie op daarmee nie; wens immer vir iets anders, vir `n beter geleentheid, vir `n verandering in die weer. En dit ten koste van onsself. Met die wensdenkery gaan wonderlike kanse verby. As ons maar elke dag as die begin van `n nuwe lente kan sien; vol belofte.

As ons maar wil leer doen wat die Engelse spreuk aanbeveel: *Make hay while the sun shines.* Daar is kostelike geleenthede om vir `n ander van nut te wees, in plaas daarvan om jou oor jou eie gewaande ongeluk te verknies.

Maak tyd vir ander. Luister na hulle stories - dis hoekom ons twee ore het. Sit handjie by as iemand duidelik hulp nodig het; jy hoef hulle nie te ken nie! Probeer vreemdelinge op straat in die oë kyk en sien hoeveel jou met `n glimlag toeknik. Wees bedagsaam teenoor die kassier in die afdelingswinkel, veral teen toemaaktyd wanneer hulle sulke lang gape gee na `n ewe lang dag. Jou vriendelike woord is dalk net wat hulle nodig het om hulle winter te verdryf en hulle te laat besef die lente is hier, elke dag. Want die Kaapse winter in mense se lewens is altyd daar, maar ons kan hulle lente wees. Dalk vir hulle `n nuwe begin.



## Marina de Waal, wat de ongeluk!



Ongelukke tuis kan so maklik gebeur en Marina se ervaring moet elkeen weer `n bietjie opskerp.

Sy het vroegmôre op 22 Augustus 2011 besluit om iets lekkers vir die kleinkinders te bak. Sy het my klein plat gasstofie gebruik wat met 'n klein gassilinder werk. Die eerste vetkoekies was klaar gebak en daarna het sy die gasstofie laer gestel.

Sy stap toe uit die kombuis na die sitkamer toe. Hoekom weet sy nou nog nie, maar net toe sy deur die middeldeur stap, hoor sy 'n geweldige slag en sien die tafel en stofie aan die brand. Gelukkig was die buite kombuisdeur oop asook die voordeur en die sitkamervenster. Sy het na die naaste potplant gehardloop, dit gegryp en die sand op die vlamme gegooi en daarna die brandblusser gebruik om die brand verder te keer.

Toe sy tot verhaal kom sien sy die plafon se luik in die gang is afgeskiet en die kantgordyne in die kombuis,regs op die foto, is aan repe. Tot die blaadjie met notas op die yskas was afgebrand. Die spyker-koppe in die eetkamer se plafon is afgeskiet. Die gordyn by die voordeur se reling is gebuig en van die potplante by die voordeur is ook heel verwoes.

" Dankie dat die Here my en my huis beskerm het en wonderwerke gebeur nog daagliks in ons lewens; ons besef dit net nie altyd nie," het sy aan Berg en Baai vertel.

# Forum

WEES VERDRAAGSAAM, WANT GOD IS

Wat bedoel ons met verdraagsaamheid?

## ONS HET BAIE KEER 'N PROBLEEM DAARMEE

Die Franse filosoof **Voltaire** het die stelling gemaak dat van alle godsdienste die Christendom *die meeste verdraagsaamheid behoort te inspireer*, maar tot dusver is die Christene die *mees onverdraagsame* van alle mense. Dink maar aan die reekse **godsdiensoorloë;l**ees die **briewekolomme** en luister na opmerkings tydens **inbelprogramme**.

## BETEKENIS

HAT:*inskiklik, toegeeflik, geduldig, wat 'n ander se gevoelens eerbiedig*. Dit kan ook beteken *om iets in deernis te verduur,* veral iets waarmee ek nie saamstem nie. Al verskil dit van myne, erken ek ander se reg om 'n **ander standpunt** te hê en hanteer hulle met *liefde en respek*. Iemand beskryf verdraagsaamheid as *"liefdevolle geduld"*.

## DIT STEL ONS VOOR 'N GROOT UITDAGING

Ons staan daagliks voor 'n groot uitdaging wat dit betref. Ons is nie almal **eenders nie**, allesbehalwe! Ons het 11 amptelike *tale* in die land, verskillende *rasse en kulture*. Voeg daarby die verskillende *ouderdomme* en *geslagte*; verskille in i*nkomste* en *uitkyk*. Ons staan nie verniet bekend as 'n **reënboognasie** nie! Soms is ons nog haastig ook, of gespanne, of moeg, of in kompetisie gewikkel. Daarom het ek **simpatie met rugbyspelers** tydens 'n wedstryd, want hulle is al vier tegelyk: haastig, moeg, gespanne EN in kompetisie! (En dan moedig die minister hulle ook nog aan tot geweld…)

Ook in die **kerk** is daar verskillende *voorkeure en smake*:

Party hou van die een *predikant* en ander van die ander; party hou van hierdie *liedere* en ander van daardie. Daar is verskillende *spiritualiteite, verwagtinge, oortuigings en tradisies*. Ons skree nie almal vir dieselfde *span* nie! (hopelik almal vir Springbokke!)

As ons **Jesus se voorbeeld** in ag neem, word dit van ons as Sy volgelinge verwag om verdraagsaam te wees ook teenoor hulle wat ons as *dom, nie so cool nie, irriterend, onopgevoed, verspot, swak gedissiplineerd, verwaand of onbelangrik* beskou.

## GOD VERWAG DIT

Die Bybel lê klem op ons **roeping** tot verdraagsaamheid (LEES T/V). In Kol 3 staan daar vanaf vers 12: *"Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het."*

## DIS NIE SO MAKLIK

Dit is natuurlik glad nie so maklik nie. Ons **eerste reaksie** lê meer op die vlak van *"'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand"* nie waar nie. Dit kom meer natuurlik as om jou **ander wang** te draai! Soos ek iemand al hoor sê het: *"Jy moenie terugslaan nie, dis baie verkeerd – slaan eerste!"*

**Jona** was seker die mees onverdraagsame profeet van wie ons in die Bybel lees. Hy was bitterlik ongelukkig daaroor dat God verdraagsaam was teenoor die heidense stad Nineve. Hy sou eerder wou gesien het dat hulle vergaan vanweë hulle sonde as dat God hulle na hul bekering vergewe en gespaar het. So sal ons ook miskien liewer bid dat die moordenaar en verkragter en bedrieër **hel toe** gaan, eerder as dat hy tot bekering kom en gered word.

(Vervolg op bladsy 4.)

**Ander hedendaagse voorbeelde** van onverdraagsaamheid is *padwoede, gesinsgeweld, rusies in gemeentes* bv oor Belhar en sang en taal en styl, *Xenofobie en homofobie*, geweld *op en langs die rugbyveld* en sokkerveld. Soms wil dit voorkom asof daar 'n **groeiende onverdraagsaamheid** tussen rasse is. Baie **huwelike** ly a.g.v. die onverdraagsaamheid van een of albei partye.

Hoe hanteer jy jou **eggenoot** se tekortkominge, die **bejaarde** wat nie meer so *flink* kan dink en praat en beweeg nie, die **kleutertjie** in sy eie droomwêreld, jou **huishulp** se onvermoë?

**Ps. 133**:*"Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eensgesind saam woon! Dit is soos reukolie wat van die kop af in die baard afloop, die baard van Aaron, af tot by die soom van sy klere. Dit is soos die dou van die Hermonberg wat op die berge by Sion val. Waar broers so saamwoon, skenk die Here sy seën…"*

## WAAROM IS DIT BELANGRIK?

Verdraagsaamheid **bring seën**! Dit **voorkom** nie net baie hartseer en verdriet nie, maar **help** ook dat daar *eenheid en harmonie* is en dit maak *samewerking* net soveel lekkerder en soveel vrugbaarder. In 'n diverse **samelewing** soos Suid-Afrika met sy groot verskeidenheid kulture en godsdienste, is verdraagsaamheid **onontbeerlik** – nie net met die oog op *oorlewing* nie, maar ook met die oog op *nasiebou, eenheid en stabiliteit.*

**Waar** sou ons vandag gewees het as dit nie vir **God se verdraagsaamheid** was nie? Paulus skryf in **Romeine 2**: *"God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld!"* (:4) **Adam en Eva** is wel uit die paradys verban, maar God het aan hulle nog 'n kans gegee. Die mensdom het in die vloed omgekom, maar deur **Noag** het God 'n nuwe begin gemaak. Die volk **Israel** stel Hom hoeveel maal teleur, maar soos wat in **Neh. 9** staan, *"U het hulle nie heeltemal uitgewis nie"* (:31) Ons onthou seker hoedat **Abraham** as't ware by God "gebie" het om Sodom te spaar – as daar net 50 … 45 … 40 … 30 …20 … 10 regverdiges gevind kon word en hoe verdraagsaam God teenoor hom was (Gen 18). **Die kruis** waaraan sy Seun gesterf het, is vir ons die simbool van sy verdraagsaamheid. **Jesus se optrede** teenoor die armes, melaatses, tollenaars, Samaritane, sondaars, vroue en kinders wat baie stief en onverdraagsaam behandel is in sy tyd, is 'n toonbeeld van verdraagsaamheid.

As **beelddraers** van God, as Sy verteenwoordigers en dissipels van Jesus, MOET ons dus ook verdraagsaam wees.

## HOE SAL ONS DIT KAN REGKRY?

Verdraagsaamheid is **liefde-in-aksie**. Daarom sê 1 Kor. 13 dat *"Die liefde verdra alles…" Paulus: "Die hele wet word in hierdie gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie." (* Gal 5 :14,15). Onverdraagsaamheid gaan **van kwaad tot erger**. Dink maar aan die gebeure vandag 10 jr. gelede met die aanval op die **Twin Towers**) Liefde is 'n **vrug van die Gees**. Ons moet dus **bid** vir meer liefde en **gehoorsaam** aan die Gees lewe en dan sal ons ook meer verdraagsaam wees. Wanneer jy en ek ons in die **posisie van die ander** plaas, sal ons die persoon se optrede dalk kan verstaan.

Verdraagsaamheid word in ons **teksvers** in dieselfde asem met **beskeidenheid** en **geduld** genoem. Hoeveel onverdraagsaamheid is nie die gevolg van **hoogmoed** en van **ongeduld** nie?

Onverdraagsaamheid is baie keer 'n geval van **selfsug**: ek wil hê ander moet *maak* soos ek maak, *dink* soos wat ek dink, *hou* van wat ek hou, my MY sin gee. Dit gaan **om Ek** met 'n hoofletter.

Jesus het verkondig dat **dissipelskap** vra dat ek my self verloën.

## HOE LEER ONS DIT VIR ANDER?

Hoe leer ons ons kinders om verdraagsaam te wees? **Albert Schweitzer** het dit duidelik gestel: *"Kinders leer op drie maniere – voorbeeld, voorbeeld, voorbeeld."*

## DAAR IS GRENSE

Ons kan nie afsluit sonder om mekaar ook daaraan te herinner dat daar **ook grense** is vir verdraagsaamheid.

James Goldsmith: *"Tolerance is a tremendous virtue, but the immediate neighbours of tolerance are apathy and weakness."* Ons mag nie verdraagsaamheid gebruik as **verskoning vir lafhartigheid** nie.

Die Boodskap-vertaling van 1 Kor. 13 vat die beginsel van verdraagsaamheid so saam: "*Maar liefde het ook grense: liefde kan nooit kant kies vir dinge wat verkeerd is nie. Net so sal liefde net bly wees oor dit wat regtig gebeur soos God dit bedoel het.*"

Daar is dinge wat geen goeie Christen, trouens geen mens **moet verdra nie!** Dinge soos *misdaad, korrupsie, onbeskoftheid* bv. In sulke gevalle moet die ander **gekonfronteer** word en indien dit nie help nie, moet verdere stappe langs die regte kanale oorweeg word. So verdraagsaam soos wat **die HY** teenoor *mense* was, so onverdraagsaam was Hy teenoor die *sonde*. **Die kruis** is die simbool van God se verdraagsaamheid teenoor die sondaar, maar ook van Sy onverdraagsaamheid teenoor sonde. Op die Oordeelsdag sal God 'n streep trek: Tot hiertoe en nie verder nie.

*Ds. Uys Theron*




## Reisflitsies

Neffens `n hotel in **Praag** is daar `n winkel met Rooibostee op die rak. Ons moes uitroep en mekaar daarop wys. Die plaaslike mense het ons effens skeef aangekyk. Nou wonder ek hoekom...

## Parkering

Parkering is gewoonlik `n probleem, veral in groot stede. Hier in die Kaap is ons al gewoond daaraan om motors by besige plekke op die vreemdste plekke geparkeer te sien. Sypaadjies, middelmannetjies, en les bes, anderman se grasperk. Die foto regs is in **Budapest** geneem waar motorryers deels op die pad en deels op die sypaadjie kan parkeer, aangesien die straat baie nou is. Die padteken het opgeval. Die motors voor die paneelwa parkeer so. Nou wonder `n mens of dit `n oortreding sou wees om nie so te parkeer nie.



# BELANGRIKE DATUMS OM TE ONTHOU

**Septembermaand** is BADISA-maand. Bring asb. nie-bederfbare voedsel en toiletware Kerkkantoor toe.

Kom kyk Rugby op die grootskerm by die kerk! Die saal se deure open 30 minute voor die aanvang; op Sondae na die diens.




Die besoekers van Bethesda en Erika Brindeau wat op Sondag, 4 September, vir die kinders kom kuier het.









Muntlegging

# Constantia Jeug samel geld in vir Bethesda

‘n Muntlegging ten bate van Bethesda is op Sondag 28 Augustus gehou. Die kinders het op die gronde rondbeweeg in rolstoele terwyl die ander maar moes stoot. Hulle het elke gemeente lid voor kerk voorgekeer en gevra dat hulle hul beursies moes leegmaak vir hulle projek. Daar was groot wedywering tussen die meisies en die seuns oor wie die meeste geld gaan insamel.

Na kerk, in Kategesetyd, het 3 gemeentelede vir die kinders vertel oor hoe gestremdheid hulle lewens geraak het en hoe hulle dag na dag voortgaan. Ons het daarna gesels oor hoe ons teen ander moet optree, veral gestremdes en dat gestremde mense nie as *stupid* gesien moet word nie. Dit beteken nie dat as jy ‘n arm of been verloor het of as jy in ‘n rolstoel is, jy nie meer gevoelens het nie of dat jy minder mens is nie.

Die slotsom van ons gesprek is: **Behandel ander mense altyd soos wat jy graag behandel wil word**. Of soos wat een kind gesê het, “**Moenie aan ander doen wat jy nie wil hê hulle moet aan jou doen nie.**”

Op Sondag 4 September het 3 gestremde lede en ‘n komiteelid, Nora Sjouerman saam met Erika Brindeau (Vrywillige helper) vir die kinders kom kuier in Kategesetyd. Daar is aan die kinders vertel wat Bethesda is en die gestremdes het vir hulle vertel hoe hulle sukkel met vervoer, hoe die taxi’s teen hulle diskrimineer omdat hulle gestremd is (dit neem langer vir hulle om in die taxi te klim of die rolstoel neem ekstra spasie op) en wat Bethesda vir hulle beteken. Om gestremd te wees beteken nie dat jy nie kan werk nie. Jy kan nog steeds bydra tot die ekonomie of gemeenskap.

Bethesda wat geleë is in Houtbaai, is ‘n nie-winsgewende organisasie wat gestremdes nuwe vaardighede leer. Hulle probeer die potensiaal van elke fisiese of verstandelik gestremde uitbou. Hulle versorg hulle fisies, geestelik en emosioneel, in ‘n omgee omgewing sodat die gestremde ekonomies en selfversorgend kan wees. Die gestremde werker gaan dan daagliks na Bethesda om sy/haar werk daar te gaan verrig. Omdat hulle nie hulle eie gebou het nie, trek hulle rond in Houtbaai en elke aand moet hulle alles oppak en bêre, want die plek waar hulle is, word vir ander doeleindes ook gebruik. Dink net aan al die tyd wat verlore gaan om al die goed daagliks op te pak en dan weer uit te pak. Hulle grootste wens is om ‘n eie plekkie te hê.

Aan die einde van ons kuiertjie met hulle, het die kinders die tjekkie van R1,145-96 aan hulle oorhandig. Dankie aan elkeen wat bygedra het vir die kinders se Bethesda projek.

*Rina de Waal*

# JAO - FEES 2011





Die JAO-Fees behoort tot die verlede. Ons as Span kyk terug met dankbare harte teenoor ons Hemelse Vader vir 'n naweek wat ons weet, deur Hom geseën en geëer was.

Die Feesontbyt by Constantia Nek Restaurant was 'n heerlike wegspringplek vir die naweek. Ons het 'n baie lekker ontbyt gehad, mekaar se geselskap geniet en daarna het ons spreker, ds. Johan van Niekerk, vir ons 'n baie goeie program aangebied rondom Sendingwerk. Ons het dit baie uitdagend gevind.

Sondagoggend was ons bewus van die Here se teenwoordigheid terwyl ds. Johan die boodskap in Constantia gebring het. Kobus Stander (ondervoorsitter) het hom net na sy boodskap Houtbaai toe vergesel , waar hy ook die Woord aan die gemeentelede bedien het. Hy was baie goed voorberei en ons glo die gemeente het opnuut weer die geleentheid benut om 'n bydrae te lewer sodat die Evangelie uitgedra kan word tot aan die einde van die aarde, soos die Woord ons vra om te doen.

Die bedrag wat belowe is, beloop R160,000.00 vir die nuwe jaar wat vir die Getuieniskommissie voorlê om die werk vir ons Sendelinge te help dra. Aangesien hierdie offers in die geloof gedoen word, is dit nie noodwendig die geval dat hierdie bedrag ingevorder sal word nie, maar ons is dankbaar vir elke lidmaat wat 'n Geloofsoffer Belofte gemaak het aan die Here.

Mag die Here u seën. Die Woord verseker ons dat die Here die blymoedige gewer lief liefhet. Ons glo en vertrou dat u deur Hom verras sal word wanneer Hy u beloon vir u gawe wat u gaan bring vir die werk wat sendelinge doen in lande waar ons nie kan wees nie.

Baie dankie vir u voorbidding vir ons sendelinge. Indien u graag 'n boekmerkie wil hê waar al die besonderhede van ons sendelinge is, kan u gerus een neem by die Kerk se deure. Hierdie jaar is die boekmerkie blou.

Ons het 'n brief van ds. Johan gehad waarin hy ons gemeente bedank het vir die voorreg wat hy gehad het om ons met die Woord te kon bedien. Hy het dit geniet en waardeer. Ons span dra dan so sy liefde en groete in Christus Jesus aan elke lidmaat, vriend of vriendin in ons gemeente oor.

JAO GROETE, HESTER MYBURGH, JAO BEAMPTE.

Ds. Uys lyk danig verlig oor die blomme wat Elmarie gekry het; nou het hy `n goeie verskoning ...






Dis heerlik om blomme te kry, sê Hester, maar om uit te deel is nog lekkerder.



Jola Nel (Wynberg) en Magdaleen Schmidt in gesprek.





Liggies skep, liggies skep ...

# Omdat ons klein is ...

Toe die dissipels op 'n dag vir Jesus gevra het wie die belangrikste in die Koninkryk van die hemel is, het Hy 'n kindjie nader geroep en gesê: 'Dit verseker Ek julle; as julle nie nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die Koninkryk van die Hemel kom nie… en wie so 'n kindjie in My Naam ontvang, ontvang My', (Matteus 18:1-5). In dieselfde hoofstuk sien ons die erns van Jesus as Hy verduidelik wat beter is vir die persoon wat dit waag om 'n kindjie van Hom afvallig te maak!

Ek was verlede Saterdag by 'n geleentheid waar ons onder andere 'n video insetsel gesien het van 'n dogtertjie van ongeveer drie jaar wat elke oggend sodra sy wakker word na die badkamer toe gaan, en met die hulp van 'n bankie op die wasbak klim, en dan met haarself in die spieël praat. Die gesprek is dan soos volg – met al die bykomende klanke, voete stamp en arms swaai:

> *I love Jesus,* I love my Mommy, I love my Daddy, I love my room, I love my bed, I love my clothes, I love my toys, I love my hair, I love my house, I love people, I love my family, I love EVERYBODY, THE WHOLE WORLD!



Dan klim sy af en gaan terug na waarvandaan sy gekom het, 'n gelukkige dogtertjie. Dis baie duidelik dat haar ouers vir haar rolmodelle is van 'n positiewe leefstyl, waarin liefde 'n groot rol speel.

Hoe positief is ons wanneer ons tyd spandeer met ons kinders? Wat bespreek ons voor hulle? Watter taal gebruik ons? Hoe bespreek ons ander in hulle teenwoordigheid? Dit is so wonderlik dat die Here sê dat elke kindjie engele het wat in die hemel gedurigdeur by ons Hemelse Vader is (vers 10) en as ek tussen die lyne lees, doen hulle seker verslag, want lees ons dan nie in die Woord dat engele God se boodskappers is wat Hy uitstuur om dié te beskerm wat aan Hom moet behoort nie?

Dan moet ons onsself afvra: Praat ons genoeg met ons kinders oor Jesus? Bid ons genoeg vir hulle? Bid ons genoeg saam met hulle? Belangriker nog: sien en hoor hulle genoeg dat ons vir hulle bid? Ek dank die Heer vir goeie weergebore ouers, vir ons Kerk en ons Leraar, vir die Sondagskool en -personeel, almal wat in die gees hande vat in die geestelike opvoeding van ons kinders.

*Baie dankie Jesus vir ons kinders wat U aan ons toevertrou het, maar ons moet erken dat ons soms met hande in ons hare sit! Help ons om hulle te bring op die enigste pad wat lei na U, wat die Weg, die Waarheid en die Lewe is. Beskerm hulle asseblief Here en omvou hulle met U liefde. U ken hulle by die naam, en ons weet U het 'n plan vir elkeen. Baie dankie dat ons weet dat U ons gebede hoor. AMEN*

**Helmien Prins**

Van ons lesers.

Alfons se brief word onveranderd geplaas.

## Alfons Genseberger *wil hom graag meer bekend maak aan ons gemeente.*



In 2005 het ek saam met Lisette (Lieske Bester se dogter) uit Holland naar Suid Afrika gekom. Vir Lisette was dit heerlik om na 15 jaar in Holland te leef en werk weer 'tuis' te wees. Ek moes leer wen aan die groot armoede om ons heen.

Lisette het na twee jaar haar eie praktijk gestart en is nou voltyds besig met chiropodie en reflexologie.

Die eerste drie jaar het ek met plesier gewerk vir een Hollandse bedrijf. Hulle het echter na 3 jaar die beslissing geneem om nie verder te gaan in Suid Afrika nie.

Daarna het ek 1 jaar my eie bedryf gehad vir reparasies, renovasies en kleine verbouwings van huise. Daar was probleme met my werknemers. Hulle het dikwels geen vak diploma en daag nie altyd op nie, met die gevolg dat ek self nie betroubaar gereken kon word nie. Ek het besluit om 'n ander rigting in te slaan.

In 2009 het ek my eie reisburo gestart. Toeriste is baie entoesias as hulle die Weskaap besoek met sy verskillende landskappe en Kaapstad is heel spesiaal. Besoekers uit Europa en Amerika glo dat Suid Afrika is soos die res van Afrika. In die Weskaap is hulle verbaas hoe goed en modern die mense lewe – maar ook hoe veel armoede daar is rond Kaapstad.

Ek het egter nie baie geluk gehad nie. Ek sukkel al vanaf die begin om klante te kry. En soms laat hulle niks meer van hulle hoor nie en dan het ek weer niks verdien nie!

Daarom het ek in September 2011 gestart als property consultant in Fishhoek. Ek doen die Muizenberg area. Ons sal sien hoe dit gaan!

Ek spreek Hollands, Duits en Engels. My Afrikaans is na elk kerkbesoek of vergadering 'n bietjie beter.

Ek is baie bly dat ek in die Constantia kerk is opgeneem. Lisette en ek het hier in 1993 ons troubelofte afgelê! Die sfeer is baie prettig, maar ek het een bietjie hartseer as ek sien hoe baie min mense die kerk nog besoek. As dat nie verander nie, dan het ons een probleem in die toekoms. Laat ons bid en hoop dat alles sal regkom!

# VERLOOF, VERLIEF EN DEFINITIEF VERLORE...

*As jy deur die loop van die volgende paar maande meer gereeld as tevore die huweliksklokke hoor beier oor die Constantia & Houtbaai valleie, dan is dit nie jou verbeelding nie. Ons het tans 6 verloofde paartjies wat óf huidige lidmate óf gemeente-kinders is! Aan Constantia se kant is dit Andrea & Johan, Ulrich & Jennifer en Cecile & Garth. Aan Houtbaai se kant is dit Theunis & Tarine (oftewel T&T), Sandra & Jaco en Mia & Jacques. Ons het almal uitgenooi om iets oor hulself te vertel en hier onder is die antwoorde wat ons ontvang het. Soos julle sal sien het party die skoot baie hoog deur… Ons wens hul almal die Here se seën toe op hierdie pad vorentoe! - **Esmari***



## ANDREA & JOHAN

**Vertel ons meer oor julself en jul planne vorentoe?**

**Andrea:** Ek doen 'copy editing' by 'n 'online education' maatskappy. Na ons getroud is, gaan ek seker 'n admin. posisie by UCT neem, omdat die ure korter is.
**Johan:** My naam is Johan. Ek skryf gedigte. In my vrye tyd werk ek vir 'n ingenieursmaatskappy (Peralex Electronics) waar ek die meganiese afdeling behartig. Na die troue? Dit sal nou maar vir wag en sien moet wees.

**Hoe het julle ontmoet?**

**Andrea:** Ons het in die kerk ontmoet. Johan het een oggend by die kerk ingewandel, toe nooi ons hom na die selgroep toe. En so het ons mekaar leer ken. Teen die einde van verlede jaar het ons meer tyd saam begin spandeer en toe aan die begin van hierdie jaar het ons begin uitgaan.
**Johan:** Wel, die eerste keer toe ek vir Andrea gesien het, was in die NG kerk in Constantia. Daardie oggend het Andrea 'n pienk rok aangehad (hoewel sy gou sal wees om te noem dat sy nie 'n enkele pienk rok besit nie). Na die diens het Ds. Theron my onderskep en gesê dat ek met Andrea moet praat om by haar selgroep aan te sluit. Die res, soos hulle sê, is geskiedenis.

**Wie het die vra-werk gedoen, hoe en waar?**

**Andrea:** Ons was in Namibië om by Johan se mense te kuier. Toe op pad terug, maak ons 'n *detour* by die Visrivier Canyon. En daar, in die reën en modder, het hy op een knie af gegaan en vir my gevra om te trou :)
**Johan:** Ek het! Ek het vir Andrea na 'n pragtige uitsig geneem - by die Visrivier Afgronde - en vir haar gevra om met my te trou. Sy het nie juis veel van 'n keuse gehad nie, want dit was 'n lang ent om terug huis toe te loop.

**Watter dinge/aktiwiteite kan julle goed saamdoen (sonder struwelinge) en wat moet julle liefs apart doen?**

**Andrea:** Ons geniet dit om *movies* saam te kyk, legkaart te bou en te saam te gaan stap. Ons kan nie eintlik saam gaan *shop* nie, want ek wil altyd stop en vir alles kyk, en Johan wil in en uit wees so vinnig as moontlik.
**Johan:** Ons kan beslis saam inkopies doen. Ons ry graag op my motorfiets, en so nou en dan klim ons berg of stap ons op die strand met my honde. Ons het ook eenkeer ballet gaan kyk.

**In hierdie moderne tye, waarom nog trou?**

**Andrea:** Ek en Johan voel dieselfde oor die huwelik - dat dit 'n lewenslange *commitment* is. Ek voel mens moet trou om publiek en voor God daardie *commitment* te verklaar. Johan is my beste vriend - ek kan myself wees by hom. Ons is altwee bewus daarvan dat 'n goeie huwelik werk vra, en ons is altwee bereid om daardie werk te doen.

**Johan:** Want dit is die regte ding om te doen (jammer dat ek nou nie 'n diepe filosofiese uitleg gee nie; ek moet plek los vir 'n paar ander beriggies in die Berg&Baai) En ek wil graag met Andrea trou, want... Sy is pragtig en ongelooflik en *awesome* en *amazing* en briljant en fantasties en slim en wys en, en, en... En ek is baie lief vir haar.

(Vervolg op bl. 13.)

## THEUNIS & TARINE



**Vertel ons meer oor julself en jul planne vorentoe?**

Theunis is van Llandudno af en Tarine van Pietermaritzburg. Ons swot albei teologie en is in ons finale jaar. Einde November moet ons begin aansoek doen vir werk so ons weet eintlik glad nie waar ons gaan beland nie!

**Hoe het julle ontmoet?**

Ons het in ons eerste jaar saam begin teologie swot en was toe eers vir meer as 'n jaar - beste maats!

**Wie het die vra-werk gedoen, hoe en waar?**

Theunis het vir Tarine, na haar proefpreek, Kommetjie, toe gevat na die ligtoring op Slanghoek. Daar het hy op een knie die groot vraag gevra! Daarna het amper ons hele familie vir ons by 'n heerlike eetplek gewag om saam met ons te vier... dit was 'n baie spesiale dag gewees!

**Watter dinge/aktiwiteite kan julle goed saamdoen (sonder struwelinge) en wat moet julle liefs apart doen?**

Ons geniet dit om baie dinge saam te doen, veral om lekker saam met vriende te kuier, te gaan fliek en uit te eet. Ons oefen ook nogal lekker saam, maar aangesien Tarine bietjie onfiks is, moet Theunis die meeste van die tyd sy berg klim saam met sy vriende doen! :-)

**In hierdie moderne tye, waarom nog trou?**

Ons glo dat die Here ons bymekaar gebring het en dat 'n huwelik 'n ongelooflike geskenk van God is. Daarom wil ons voor God belowe om mekaar lief te hê en op te pas en hierdie geleentheid ook saam met ons mense vier.



## ULRICH & JENNIFER

**Vertel ons meer oor julself en jul planne vorentoe?**

Ek en Jennifer is gebore in die Vriendelike Stad (Port Elizabeth). Ons is rustig van natuur en hou van die buitelewe. Jennifer het in Vroeë Kind Ontwikkeling gestudeer en haar passie is om kinders te leer en te help groei. Ulrich het in die Elektriese Ingenieurswese gestudeer en werk vir **Optimal Energy** waar hy sy passie vir elektriese karre uitleef. Ons wil graag oorsee gaan – die wêreld verken.

**Hoe het julle ontmoet?**

Ek het Jennifer se telefoonnommer by my beste vriend gekry, en na so paar sms'e en oproepe het ons op 'n "date" gegaan. Dit was 'n "movie date", maar na die fliek het ons saam gaan eet en dit was wonderlik. Dit was die begin van `n lang en goeie verhouding.

**Wie het die vra-werk gedoen, hoe en waar?**

Ek (Ulrich) het die vraag ge-*pop*, maar Jen het baie leidrade aan my gegee. Ons het vir 'n piekniek na Rhodes Memorial gegaan, na ete het ons na uitsigpunt (voet van die trappe) geloop waar ek vir Jennifer gevra het om met my te trou. Jennifer se eerste antwoord was: "Are you joking?"

Nadat sy die ring gesien het en besef het dít is nie `n grap is nie, het sy "Ja" gesê.

(Vervolg op bl. 14)

**Watter dinge/aktiwiteite kan julle goed saamdoen (sonder struwelinge) en wat moet julle liefs apart doen?**

Natuur uitstappies, uiteet, movies is onder ons goeie saam doen aktiwiteite. Ons doen huiswerk beter apart…

**In hierdie moderne tye, waarom nog trou?**

Dit is n bevestiging/belofte voor ons vriende en gesin dat ek en Jennifer die res van ons lewe met mekaar wil spandeer.

## SANDRA & JACO



Sandra noem dit "n Liefdesverklaring met 'n *Twist* - God het gekies". Vir baie jare reeds bid beide Jaco en Sandra saam met hul ondersteuningsgroepies dat die Vader hul lewensmaat aan hul elkeen sal voorstel - Sandra die laaste 4 jaar vanaf Houtbaai en Jaco die laaste 4 jaar vanaf Kalkbaai. Min het hulle geweet dat die berg tussen "hulle" binnekort iets van die verlede gaan wees - God het gehoor en God het geluister...

Vir Jaco was die volgende belangrik: sy moet 'n Christen wees, sy moet in sending belangstel en voltyds dit wil doen wat hy die afgelope 10-jaar doen en, hy moet dit in haar getuienis in die kerk hoor... Vir Sandra was dit reeds 'n paar jaar terug in haar joernaal neergeskryf het: hy kan 'n predikant of sendeling wees, sy het begin afskaal en 'n eenvoudiger lewe begin lei om deel te raak en voor te berei vir dit waarvoor sy vra...

Dit alles het bymekaar gekom toe Sandra haar getuienis kom gee het tydens 'n Alpha Kursus wat deur die Groote Kerk in Kaapstad aangebied is. Jaco was teenwoordig die aand waar hy uitgehelp het. Groot was sy verbasing toe hy daardie aand tydens Sandra se getuienis hoor dat sy enkel is nadat hy haar die afgelope jaar in Houtbaai gemeente opgemerk het, maar gedink het sy is getroud... groot was haar verbasing toe hy haar in die weke daarna vertel dat Vader die aand met haar getuienis dit op sy hart geskryf het dat Hy vir haar 'n man gaan gee en die vreeslike moeilike gedeelte, dat dit dalk hý mag wees... groot was sy verbasing toe Sandra hom dadelik se dat dit is (sendeling of dominee) waarvoor sy gevra het en sy eintlik nie "verbaas" is nie :-)

Saam-saam het die twee hierdie "agterstevoor" verhouding terug na Jesus geneem en begin "explore". Hoe wonderlik is dit nie dat in 'n moderne tyd soos vandag, waar seker meeste verhoudinge en troues uit die fisiese gebore word en dan miskien daarna uitkom by die Geestelike, God nog "Arranged Marriages" kan reël. Die boodskap wat Jaco en Sandra gekry het was duidelik dat hulle mekaar onvoorwaardelik met al hul tekortkominge moet aanvaar soos Christus ons almal aanvaar. Reeds kan hulle ure lank lag en gesels en elke oomblik geniet soos Vader nou ook hul fisiese oë vir mekaar begin oopmaak.
Saam het hulle besluit dat dit dan ook rondom die fisiese is wat hulle in 'n vastyd sal bly tot hul huwelik...

Sandra werk voltyds by NHA as programmeerder. Jaco is voltyds in diens by die sending organisasie, Passage of Bahar as koördineerder vir hul Afrika projekte rondom die mere-gebied in Sentraal Afrika. Beide van hulle weet dat God hulle na die bediening roep en geroep het. Hulle sal na hul troue in Desember aanbly in Houtbaai en in die gemeente terwyl hulle saam saam hierdie roeping en liefde verder uitleef.

Trou is nog nodig vandag - dis 'n opdrag van Hom wat ons almal geskape het wat in 'n verhouding met die teenoorgestelde geslag wil leef... en dis vreeslik lekker om dit saam met Hom te doen, met totale oorgawe en volle vertroue!

Jaco en Sandra het op 1 September 2011 verloof geraak...

## CECILE & GARTH




Ek is Cecile en my verloofde se naam is Garth Almazan. Hy is die hoof sjef by Steenberg Hotel, Catharina's restaurant. Dis ook waar ek en Garth ontmoet het, al was my motto toe ek in die 'hospitality 'industrie ingegaan het dat ek met niemand sal uitgaan saam met wie ek werk nie. Kupido het ander planne gehad. Na 'n jaar se 'love-hate-relationship', soos dit maar is in die industrie tussen sjefs en restaurantbestuurders, het ek 'n ander kant van Garth ontdek waarvan ek gehou het en ons is nog altyd saam.

Ons werk nie nou meer saam nie, maar het vir 4 jaar 'n baie goeie werksverhouding gehad, wat glad nie 'n invloed gehad het op ons persoonlike verhouding nie. Ons sal albei aanbly by die hotelle waar ons tans is na ons troue in Maart.

Garth het op sy verjaarsdag hierdie jaar die ja-woord gevra. Hy en my ma het saam gekonkel om my ringvinger se grootte te kry en hy het ook saam met 'n juweliersvriend my ring self ontwerp. Alhoewel ons baie lekker saam kook, word ek partykeer gevra om die kombuis te verlaat omdat ek meer proe as help. Ek moet altyd al die common sjef goed doen (opwas, skil, prawns skoonmaak, uie skil ens.) so partykeer gee ek maar op en gesels net.

## MIA & JACQUES



### Vertel ons meer oor julself en jul planne vorentoe?

Mia is 'n Afrikaans-onderwyseres by Hoërskool Bellville sedert Junie 2010. Jacques werk as Finansiële Beplanner by FinPrufe Blouster, Sanlam, in Stellenbosch sedert November 2010. Albei het op Stellenbosch studeer en is daarna vir 'n jaar en 6 maande Londen toe om werks- en lewenservaring op te doen. Hulle het in Mei 2010 teruggekom. Hulle beplan om in die Noordelike stadsgebiede te woon (hulle is nog nie heeltemal seker presies waar nie) en om aan te hou met hul huidige werk. As dinge so uitwerk, wil Mia baie graag 'n huisvrou wees en omsien na hul 3 kindertjies...

(Vervolg op bl. 16)

ADRESSE

H/v Ladies Mile en Firgroveweg,
KREUPELBOSCH, 7945
Telefoon/Faks (Kerkkantoor):
021-712 1682
E-pos: ngconstantia@xsinet.co.za

Houtbaai-Kerkgebou:
h/v Oxfordstraat & Albertweg, Houtbaai

Webwerf adresse :

http://ngkconstantia.za.net

www.houtbaaigemeente.co.za

## Het u geweet die NG Kerk het `n Vrouelessenaar?

**VISIE:** Vroue wat voluit leef vir Christus

**MISSIE:** Om vrouelidmate te inspireer en te bemagtig om hul roeping en gawes, voluit tot eer van God en tot opbou van die Liggaam van Christus, uit te leef

**DOELWITTE**

Die taakspan vrouelidmate :

- Dra medeverantwoordelikheid vir die geestelike begeleiding, toerusting en bemagtiging van vrouelidmate.
- Dien as skakel tussen die Algemene Sinode en vrouelidmate om te verseker dat inligting en voorligting gekanaliseer word.
- Doen navorsing sodat vroue se behoeftes en belange onder die aandag van die Algemene Sinode gebring word en aangespreek word.
- Koördineer en fasiliteer inter-sinodale skakeling om te besin oor gemeenskaplike uitdagings, behoeftes en die uitruil van kundigheid ten einde oplossings te vind in 'n veranderende omgewing.
- Voer opdragte van die Algemene Sinode uit.

### Hoe het julle ontmoet?

Ons was saam op Hoërskool Jan van Riebeeck. Toe Mia in graad 11 en Jacques in graad 12 was, het sy vir 'n vriendin vertel sy 'hou van hom'. Dié vriendin vertel toe vir haar kêrel, wat saam met Jacques in die koshuis was, en hy vertel toe natuurlik vir Jacques. Mia weet toe Jacques weet, en Jacques weet Mia hou van haar, maar vir 'n paar weke vermy hul altwee mekaar in die gange. Een Saterdag in Junie 2003, by 'n skoolsportdag, is Mia op pad kar toe waar haar pa reeds vir haar wag. Sy hoor toe haar naam van agter af geskree. Sy draai om, en daar staan Jacques. Na 'n paar sekondes van ongemaklike stilte, sê hy vir haar: "Ek hoor jy hou van my." Al wat Mia toe kon aan dink om te sê was: "Ja". Van toe af sms hulle en praat hulle oor die telefoon, maar is nog baie skaam om met mekaar te gesels by die skool. Na 'n paar weke, begin hulle meer gesels en begin Jacques by Mia in Houtbaai kuier. Van toe af is hulle "meisie en ou" en 'n week voor hul 8 jaar "anniversary", vra hy vir haar om te trou.

### Wie het die vra-werk gedoen, hoe en waar?

Jacques het op 25 Junie 2011 vir Mia gevra. Dit was op Stellenboschberg, Stellenbosch. Hy was baie romanties en na hy die lirieke van 'n liedjie gelees het, het hy op sy knie gegaan en die vraag gevra. Daarna het ons deur trane sjampanje gedrink en die nuus begin deel met ons geliefdes.

### Watter dinge/aktiwiteite kan julle goed saamdoen (sonder struwelinge) en wat moet julle liefs apart doen?

Ons hou van saam aktief wees – draf, tennisspeel, fietsry. Ons is ook 'n "mean team" wanneer dit kom by *30 Seconds*. Kosmaak – Jacques hou daarvan om Kookprogramme op die televisie te kyk en verbeel hom dan hy's die 'hoofsjef' en Mia sy handlanger. Dit is dalk beter een-een.

### In hierdie moderne tye, waarom nog trou?

As jy lief is vir iemand en dis jou beste vriend met wie jy alles deel, voel ons dis reg om jou lewe ook met mekaar te deel – ALLES van jouself. Ons voel dis 'n teken van verbintenis ("commitment") wat jy aan mekaar bewys.